HESSEQUA MUNISIPALITEIT

VAKATURES

Die Munisipaliteit van Hessequa benodig die dienste van geskikte persone in die volgende vakatures:

Toesighouer: Messelaarspan - Stilbaai
(Verw: T333) T7 – R165 862.44 tot R215 298.00 bruto salaris per jaar.

Vereistes: Graad 10 (Moet kan lees en skryf) • Kode B bestuurderslisensie • Moet fiks en gesond wees • Bereid wees om in gure weersomstandighede te werk • Ses maande ondervinding in 'n soortgelyke posisie, sal as aanbeveling dien.
Pligte: Lê plaveisel en randstene • Bou en grawe grafte • Meng beton en sement • Toesighouding • Op- en aflaai van toerusting • Hanteer betonmenger • Hou masjienerie, braaifasiliteite en besproeiingskanale instand • Bestuur trekker en vervoer amptenare • Doen voorritinspeksies • Hou toerusting skoon • Bou opritte, mangate, betonblaaie en mure • Beraming van gruis, sand en sement.

Drywer: Ligte Voertuig: Fasiliteite & Geriewe – Stilbaai
(Verw: T304) T6 – R137 191.20 tot R178 101.00 bruto salaris per jaar

Vereistes: Graad 10 (Moet kan lees en skryf) • Geldige Kode EB bestuurderslisensie • Geldige Professionle Bestuurspermit • Een jaar ondervinding in 'n soortgelyke posisie, sal as aanbeveling dien.
Pligte: Hou munisipale dorp skoon, netjies en toeganklik • Hou 'n logboek by • Rapporteer enige skade • Vervoer materiale en vullis • Verrig voorritinspeksies • Hou munisipale voertuie skoon en instand • Skoffel blombeddings • Op- en aflaai van toerusting • Hark gras • Spuit onkruiddoder • Bestuur trekker.

Masjienhanteerder: Strate & Stormwater - Stilbaai
(Verw: T314) T4 – R106 229.40 to R133 982.52 gross bruto salaris per jaar

Vereistes: Graad 9 (Moet kan lees en skryf) • Moet fiks en gesond wees • Bereid wees om in gure weersomstandighede te werk • Drie maande ondervinding in 'n soortgelyke posisie, sal as aanbeveling dien.
Pligte: Lê plaveisel en randstene • Boks en grawe gate • Meng beton en sement • Hanteer klopboor, randsnyer en kompressor • Op- en aflaai van toerusting • Hanteer- en hou betonmenger instand • Bou opritte • Maak toerusting skoon • Hou munisipale paaie instand.

Algemene Assistent: Reiniging: Stilbaai
(Verw: T311) T3 – R103 741.80 tot R122 467.80 bruto salaris per jaar

Vereistes: Graad 9 (Moet kan lees en skryf) • Fiks en gesond • Bereid wees om in gure weersomstandighede te werk • Drie maande ondervinding in 'n soortgelyke posisie, sal as aanbeveling dien.
Pligte: Hou dorp skoon, netjies en toeganklik • Skoffel blombeddings • Op- en aflaai van toerusting • Hou munisipale voertuie skoon • Verwyder huishoudelike- en tuinvullis • Hark gras • Spuit onkruiddoder.

Algemene Assistent: Reiniging: Albertinia
(Verw: T482) T3 – R103 741.80 tot R122 467.80 bruto salaris per jaar

Vereistes: Graad 9 (Moet kan lees en skryf) • Fiks en gesond • Bereid wees om in gure weersomstandighede te werk • Drie maande ondervinding in 'n soortgelyke posisie, sal as aanbeveling dien.
Pligte: Hou dorp skoon, netjies en toeganklik • Skoffel blombeddings • Op- en aflaai van toerusting • Hou munisipale voertuie skoon • Verwyder huishoudelike- en tuinvullis • Hark gras • Spuit onkruiddoder.

Die Munisipaliteit van Hessequa is 'n gelyke geleentheid werkgewer en moedig persone met gestremdhede, asook persone vanuit voorheen benadeelde groepe aan om aansoek te doen om betrekkings.

Instruksies aan aansoekers:

'n Munisipale aansoekvorm moet elektronies aan applications@hessequa.gov.za versend word. Hierdie is die enigste e-pos adres wat aansoeke sal aanvaar. Aansoeke wat elektronies ingedien word, mag nie 4MB oorskry nie. Aansoekvorms kan ook per hand by enige Hessequa Munisipale kantoor afgelewer word of aan Menslike Hulpbronne, Posbus 29, Riversdal, 6670, versend word. Slegs aansoekers wat aan die minimum vereistes voldoen, soos geadverteer, sal oorweeg word. Aansoekvorms moet vir alle vakature waarvoor aansoek gedoen word, volledig voltooi word. 'n Curriculum Vitae kan addisioneel aangeheg word. Afskrifte van kwalifikasies en relevante dokumente wat verlang word, moet die aansoek vergesel. Navrae moet aan die kontakpersoon soos per advertensie, gerig word. Geen aansoeke wat na die sluitingsdatum ontvang word, sal oorweeg word nie. Daar sal van die gekortlyste kandidate verwag word om 'n praktiese assessering te ondergaan. Aansoekers wat nie binne 30 dae na die sluitingsdatum deur die munisipaliteit gekontak word nie, moet hul aansoek as onsuksesvol beskou. Die werkgewer behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.

Sluitingsdatum : 25 Junie 2021

Kontakpersoon: Me J Jansen by 028 713 7965